DEEL 115 | WEEK 8| 24 FEBRUARIE 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR






# KOM HELP MET DIE GESUKKEL

Dit is geen geheim dat beurtkrag elke huishouding en elke besigheid omvergooi nie. Huis Bron-van-Heil, Heilbron se tehuis vir bejaarde inwoners, is ook nie gespaar deur die landwye probleem nie. Volgens Betsie Terreblanche, bestuurder by Huis Bron-van-Heil, het hulle vir die laaste maand R 48 000 spandeer aan diesel vir hul kragopwekker. Die ouetehuis se aanvanklike brandstof begroting vir die finansiële jaar was slegs R 40 000.

Nog 'n probleem wat die bejaardes in die oë staar is die feit dat oom Danie van Tonder, die onderhoudsbestuurder, met 20L kanne vulstasie toe ry, en die swaar kanne weer self moet afdra om die kragopwekker vol te maak. Heilbron Herald het mnr. Koos Muller van Jerrycar in Frankfort genader om hulp. Hy het dadelik ingestem en 'n 400L draagbare dieseltenk aan die tehuis geskenk. Die tenk het 'n elektriese pompstelsel met 'n 4m pyp en mondstuk. Koos, 'n oudskolier van Primêre Skool Vegkop, sê dat Huis Bron-van-Heil hom na aan die hart lê en dat dit belangrik is dat die gemeenskap betrokke is by hulle bejaardes.

Die beplanning is om die tenk op 'n waentjie te monteer wat dit vervoerbaar maak. Dit is nou die tweede probleem – daar kort 'n waentjie!

As daar dalk iewers 'n waentjie of onderstel van 'n waentjie rondstaan wat geskenk kan word aan Huis Bron-van-Heil, kontak vir John Watson by die kantore van Heilbron Herald 058 852 3033.

*Op die foto bo: Danie van Tonder*









# Pep Home open sy deure




*Na die lang afwagting en drama rondom die ou gebou op die hoek van Kerk- en Pleinstraat, gaan Pep Home uiteindelik sy deure vir die publiek vandag open. Die gemeenskap word hartlik uitgenooi om die nuwe besigheid vandag te besoek.*

# Begroting 2023: Gee belastingkorting waar gemeenskappe self dienste lewer

*• Vrystaat Landbou*

"Vergoed gemeenskappe vir openbare dienste wat ons self moet lewer". Dit is die boodskap wat Vrystaat Landbou (VL) aan die Minister van Finansies, mnr Enoch Godongwana, wil oordra voor die begrotingsrede wat op 22 Februarie 2023 plaasvind.

Volgens mnr Gernie Botha, hoof uitvoerende beampte van VL, word landsburgers toenemend meer belas, maar kom die staatsdiens nie meer hul dienslewering-verantwoordelikhede na nie.

"Gevolglik word individue en gemeenskappe bykans daagliks gedwing om self o.a hul paaie, water- en sanitasie en ander dienste te behartig, ten einde te kan oorleef. "So byvoorbeeld het Vrystaatse boere reeds in 2022 talle lewensgevaarlike paaie self herstel en honderde slaggate gevul. Uit hul eie sakke.".

Volgens Botha, maak dit daarom net logies sin dat die regering gemeenskappe, en veral boere wie gewoonlik inspring, tegemoet kom met opsies om hierdie uitgawes van belasting te kan verhaal.

Vrystaat Landbou het vroegtydig begrotingsvoorstelle ingedien aan die ministerie. Kernvoorstelle sluit in:

1) Aanvaar dat waar boere die paaie herstel, hul die diesel en uitgawes as boerdery uitgawes opgee, dit afgetrek word. Indien nie, moet dit ŉ belasting aftrekbare uitgawe wees.

2) Dieselfde geld vir misdaad- en sekuriteitsuitgawes (as boere dit nie reeds inwerk by boerdery uitgawes nie) - moet dit ŉ belasting aftrekbare uitgawe wees.

3) Toestemming om al hul eie hernubare energie installasies op te rig, koste af te trek as boerdery uitgawes.

4) Waar boere se BTW en Inkomstebelasting opgawes geoudit word, moet terugbetalings so gou moontlik gedoen word, aangesien dit talle boere onder ernstige kontantvloeidruk plaas as dit vir maande vertraag word.

Volgens Botha sal 'n belasting-aftrekkings vir "self-doen" diensleweringsaksies bydra om die verval in die platteland te stop en totaal om te keer. Dit sal vir alle gemeenskappe 'n positiewe alternatief tot o.a. diensleweringsbetogings wees en druk verlig op die verswakte staatsdiens.

"Met vanjaar se begroting het minister Godongwana dus 'n geleentheid om die landelike gemeenskappe te bemagtig om self die verval van die platteland te stop", het Botha gesê .

# Ngwathe: Jaarverslag onder bespreking

Ngwathe se jongste jaarverslag is Woensdag in Vredefort en gistermiddag in Parys aan die publiek voorgelê vir vrae, kritiek en bespreking. Aanstaande Woensdagmiddag kom Heilbron aan die beurt. Sulke raadplegings is 'n regsvereiste, sê DA-koukusleier Carina Serfontein. Sy sê die jongste verslag is van groot belang vir inwoners omdat Ngwathe se finansiële posisie toenemend verswak. "Ngwathe se agterstallige skuld aan Eskom neem jaar na jaar toe, en het by jaareinde (30 Junie 2022) 'n ontstellende R1.5 miljard bedra."

Hierdie "somber prentjie" word in detail geskets in die finansiële jaarstate en die ouditopinie van die Ouditeur-generaal, wat deel vorm van die jaarverslag, sê Rdl Serfontein. Sy wys daarop dat die munisipaliteit verlede jaar 'n nettoverlies van R212m gely het (Herald, 17 Februarie). "Daarom vra die DA herhaaldelik reeds dat die finansiële herstelplan uitgevoer moet word, dringend en met mening." Sy sê die herstelplan is "lank gelede" deur DA-raadslede voorgestel, en eenparig deur die Raad goedgekeur, "maar dit kom eenvoudig nie op dreef nie."

In elkeen van Ngwathe se vyf dorpe vind, nes in vorige jare, weer twee raadplegings plaas: een vir die breë publiek, die ander vir belangegroepe soos kerke, sake-organisasies, kultuurliggame, en sportklubs. Heilbron s'n begin volgende Woensdag (1 Maart) om 2 nm in die Phiritona Biblioteek, Dondermiddag (2 Maart) is dit in Koppies, in die Kwakwatsi-saal, en dit word afgesluit in Edenville op 7 Maart.

# Uitdiepen: *Week 8 van 2023*



Ek was baie klein toe my gryse ou vader my vertel het van Eugène Terre'Blanche. Klaarblyklik was hy 'n merkwaardige orator. Soveel so dat mense opgesweep geraak het bloot deur na hom te luister. Sonder om praatjies te maak, het hy elke lid van die gehoor aan sy voete gehad.

Blykbaar het hy elke keer die wit sakdoekie uitgehaal om sy natgeswete voorkop af te vee, en elke dan en wan die trane te demp wanneer hy in sy Sondagstem sê: "My volk, my volk!"

My pa, so dink ek, het ook een of twee van sy vergaderings bygewoon, teruggekom en heerlik gelag vir die verhoogmanewales. Want my gryse ou vader was maar 'n skeptikus.

En hy maak toe 'n aardsskeptikus groot.

Soms kry ek heerlike sadistiese plesier om na mense te luister wat grootpraat. Ek moet myself net keer of ek begin kliphard lag, soms wil ek sommer opspring en met die persoon verskil. Veral diegene wat dink hulle weet alles. Meeste van die tyd grinnik ek net tydens hulle praatjie.

Ek het in 2019 in hierdie selfde kantoor begin werk. Die persoon wat 'n baie verantwoordelike werk vir ons doen, is 'n kontrakteur. Volgens sy groot vriendin, wat ook in ons kantoor was, was hy "die enigste mens in die land" wat sy werk kon doen.

Vertel my 'n groter grap, en ek sal sê dit is by verre nog nie so snaaks soos bogenoemde opmerking nie. Ek het baie keer vir my assistent gesê dat hy nie alles moet glo wat hom vertel word nie. Want mettertyd het almal se oë oopgegaan.

So word ek genooi na 'n groot konferensie: 'n Maatskappy wat in multivlakbemarking spesialiseer hou dit in 'n deftige konferensielokaal. Daar is drie twee-uur sessies wat strek tot half 10 die aand. Met langerige middagete tussen-in. Hoop daar is lekker kos, dink ek. Ek bied aan om met my eie kar te ry sodat ek kan terugkom wanneer ek wil.

Die diegene wat nie daarmee bekend is nie: Multivlakbemarking (multilevel marketing of MLM) is 'n sakemodel waar geen salarisse aan werkers betaal word nie. Verkoopspanne wat in verskillende vlakke aangetref word, verkoop produkte direk aan verbuikers, en probeer meer verkoopsmense onder hulle aanstel. Hoe meer mense onder jou inskuif, hoe hoër jou vlak in die netwerk, en hoe meer jou afslag. Jy kan ook elke maand 'n geldelike beloning kry. Die zoeiwoord (dis die enigste vertaling van buzzword waaraan ek nou kan dink) is passive residual income.

Ek het al een keer dankie, maar nee dankie, gesê, en besluit toe maar om hierdie keer my Saterdag op te offer om saam te gaan.

Ek ontmoet die eerste multivlakbemarker in die badkamers. Sy loop oor van vriendelikheid en klink nie aangeplak nie. Sy is so bly ek is hier, en vandag gaan my lewe verander. Welkom, welkom.

Ons gaan koop gou koffie by die restaurant langs die lokaal en in die verbygaan sien ek 'n bekende in die vermaaklikheidbedryf. Ek weerhou myself (met moeite) daarvan om nader te stap en die mens se hand te skud. Hy en sy vrou het die kleinste babatjie in menseheugenis. Wel, seker nie, maar dit lyk amper vir my so. Hy groet so in die verbygaan, en my gasvrou vertel hoe hulle mekaar ken.

My gasvrou gee my toegangskaartjie en ons word die groot konferensielokaal binnegelaat. Ons moet die derde ry van voor af sit, die blok reg voor die sprekers en moet 13 sitplekke hou. Elkeen kry 'n pragtige kaartjie van die badkamervrou.

Daar is 'n geroesemoes en almal groet mekaar asof hulle bloedfamilie is wat mekaar jare gelede laas gesien het. Dit oe en aa oor die pragtige uitrustings, sommige met soveel sequence op dat ons dit tydens beurtkrag kan gebruik. Maar ek moet bieg: ek vrek oor 'n blink ding, dis vir my baie mooi. Ek voel net so half, wel, onaangetrek. Want ek het 'n langbroek en mooi hempie aan, darem met my blink sandale.

Heel voor is daar so 10 mooi, groot, groen leerstoele. Dis nou vir die ditse president en dan die datse president en die stigter en haar man en nog 'n ditse president en weereens 'n datse president. Hulle word bewonder asof hulle regtig van goudstof gemaak is.

Die ligte word effens gedomp en die musiek begin speel, let the games begin, dink ek. Die stem kondig aan dat die verrigtinge gaan afskop en dit klink amper soos 'n groot rockkonsert op Wembleystadion in London. Die kunstenaars hol mos so half tot op die verhoog en skree: "Hello Wembley!"

(Ek sien dat Tottenham Hotspur op 'n stadium van Wembley gebruik gemaak het. So amper het SA aandele in Tottenham gehad, as Missus Sisulu haar sin gekry het.)

Die seremoniemeester draf jou waarlikwaar die verhogie op en groet ons a la Wembley. Met die dorp se naam. Die gehoor juig en jubel. Daar is polsende musiek en drie dames in die ry voor my begin ritmies hulle eie, en later mekaar se, hande klap.

Dit klink vir my amper soos 'n skoolatletiek byeenkoms.

Eerste aan die woord is twee dames (hoeka die twee wat voor ons sit), wat ons meer gaan vertel van die maatskappy. Hulle is twee rasegte Afrikaanssprekendes wat 'n skreiende skande pleeg in Engels. Hulle voer 'n klein toneeltjie op waarin die een die ander vertel hoe om groot geld te maak. Daar word geen woord gerep van die produkte van die maatskappy nie. Net dat die stelsel so goed is en dat dit die antwoord was op die twee se finansiële probleme. Baie geluk, dink ek.

Die finale vraag is: Wil jy geld maak? Ja! Sê die ander persoon. Then step into my office. En hiermee is hulle darem van die verhoog af.

Die polsende musiek begin weer. Soos wat die twee dames terugloop van die verhogie af, kry elkeen 'n high five soos wat hulle by die Groot Groen stoele verbyloop. Almal lag en klap hande. Wonderlik, wonderlik, sê hulle.

En ek wonder wat op pad is.

*(vervolg volgende week)*


# Geen antwoord oor SPAR

Dit wil voorkom of dit nog lank gaan wees voor Spar sy deure vir die publiek sal open. Volgens Pieter van der Ruit van Spar se hoofkantoor, het die eerste koper ontrek. Daar is wel tans 'n potensiële tweede koper wat 'n belangstelling in die Supermark toon. Van der Ruiter beweer dat die hoofkantoor nog net vir die uitklaringsertifikaat vanaf die munisipaliteit wag voordat enige ander prosedures gevolg kan word. Die uitklaringsertifikaat is glo die groot rede waarom Spar se deure nog bottoe is. Die sertifikaat word benodig voordat 'n eiendom oorgedra kan word aan 'n koper. Dit word aangevra vanaf die munisipaliteit sodat hulle dan die erfbelasting en pro rata die elektrisiteit, watergebruik, asook ander dienste kan bereken. Basies is dit 'n bevestiging dat alle belastings betaal is. Jackie Leonard, eienaar van die Spar gebou het ook steeds geen duidelikheid oor wat die toekoms inhou nie. Volgens Jackie het Spar 'n tien jaar kontrak geteken vir die huur van die perseel, waarvan vyf jaar reeds verstreke is. Spar hoofkantoor betaal egter steeds hul huur aan Jackie, hoewel die besigheid nie bedryf word nie. Heilbronners sal duidelik moet vrede maak met die feit dat Spar nie in die nabye toekoms sy deure sal open nie.

In 'n onlangse studie is daar 6 verskillende Suid-Afrikaanse supermarkte se pryse van die basiese kruideniersware vergelyk. Die basiese het bestaan uit 700g Albany Superior wit brood, 'n 2L winkel handelsmerk olie, 2,5kg Iwisa mieliemeel, 2,5kg Selati wit suiker, 2L winkel handelsmerk melk, 2 kg Tastic rys, 2,5kg Snowflake koekmeel, 175g Dettol seep en 'n pak van nege 2-laag toiletpapier.

Spar het uitgestaan as duurste supermark met 'n prys verskil van R51.54 teenoor die goedkoopste supermark, Food Lovers Market.




Met altesaam 12 sluise wat Saterdag by die Vaaldam oop was, het toeskouers van naby en ver gekom om dit te aanskou. Die sluise was geopen om die watervlakke te beheer. In 1975 was al 60 sluise by die dam geopen, wat na bewering die ergste vloed was in die geskiedenis van Vereeniging.

# Drie skuldig gevind in moordsaak


Daar is uiteindelik lig aan die einde van die tonnel vir die familie van Petrus Steyn, boer van Heilbron, wie se liggaam in September 2021 op sy plaas Holfontein, tussen Heilbron en Frankfort gevind is. Te danke aan die flink werk van landelike beveiliging en die SAPD, is drie verdagtes in hegtenis geneem. Een was 'n plaaswerker van Petrus. Volgens berigte was die twee mede-beskuldigdes familie van die plaaswerker. Die saak het op 6 Februarie 2023 by die streekshof in Sasolburg voorgekom, waar almal aangekla was van moord met verswarende omstandighede. Die finale uitspraak het op 17 Februarie plaasgevind. Die beskuldigdes is almal lewenslank gevonnis op die klag van moord en 10 jaar vir verswarende omstandighede.




# Vories het deursettingsvermoë



Heilbron Voortrekkers se Vegkop GGN vir 2023 is suksesvol afgehandel. Nie eens die reën kon die kinders se kampgees en deursettingsvermoë demp nie. Altesaam 148 inskrywings is ontvang. Die kentekens wat in goeie gees gedoen is: kind van Jesus-spele, veldkook, dienswaarneming, godsdiens, handwerk, kok, gasheer en gasvrou, dierekennis, godsdiens, boeresport, Anglo boereoorlog en Afrikanerkind belofte spesialisasie. Die klompie kinders het ook die nat veldpaadjie aangedurf en die Vegkop koppie uitgeklim. Na die heerlike aktiwiteite het die kombuispersoneel smaaklike Ribburgers vir die honger mondjies voorgesit. Die kamp is Sondag op 'n gepaste wyse met 'n diens afgesluit deur oud Heilbron Voortrekker, Ria van Vuuren. Die Voortrekkers het ver gery om hierdie kamp by te woon. Totius-kommando vanaf Potchefstroom, president Swart-kommando vanaf Bethlehem, Orion- kommando vanaf Vereeniging, CR Swart-kommando vanaf Bethlehem en Heilbron-kommando was teenwoordig. Die kampeerders het die leervolle naweek ten volle geniet, en sien uit om weer in 2024 terug te keer.



# Hoërskool Reitz se leerders presteer



Nadie Fourie, 'n graad 3 leerder aan Hoërskool Reitz, het haar Pre-Primêre "modern" eksamen geslaag met 88%.



Karla Steyn, 'n graad 3 leerder van Hoërskool Reitz, het die Pre-Primêre "modern" eksamen geslaag. Sy behaal 90% daarin, asook 81% vir Ritmiese dans.



Monique de Jager, 'n graad 6 leerder van Hoërskool Reitz, het aan die perdry uithourit te Moolmanshoek deelgeneem op 27/28 Januarie. Sy het op die Vrydag en die Saterdag die onderskeie 40km afstande voltooi. Haar tye was 03:32:26 en 02:32:44.



Dunay Staal, 'n graad 6 leerder van Hoërskool Reitz, het tydens die Randslag O/18 jaar .22 geweer kompetisie in skiet te Daniëlsrus, 'n 3de plek brons behaal.



Wilhelm Potgieter, 'n graad 6 leerder van Hoërskool Reitz het aan die Randslag, O/18 jaar .22geweer kompetisie in skiet deelgeneem te Daniëlsrus. Hy behaal 'n 1ste plek goud.

# Bronnies leer meer van hulle stamboom



*Op die foto agter vl: Michiel Broodryk, Zach Loots en Bion Leicester.*
*Voor op foto: Daniel Basson, Bion Leicester en Christiaan Pienaar.*



# Fondsinsameling ten bate van sporttoere

*WAT GAAN HIER AAN? Dit is verseker wat deur Zyvan Marais se kop gegaan het. ŉ "Colour Run" is op Reitz aangebied om fondse in te samel vir Hoërskool Reitz se laerskool rugby-en netbaltoere wat voorlê.*
*Op die foto van links: Zyvan Marais, Amory Ehlers, Ivone van Zyl, Danli van Tonder en Danrickah Jeffrey by Mnr. Uys le Roux ( Skoolhoof van Hoërskool Reitz)*


BLOEMDRE VERVOER

Posbus 294
Eerwaarde Kok straat
Heilbron
9650

BLOEMDRé VERVOER / BLOEMDRé TRANSPORT

**VAKANTE POS**

**SWAARVOERTUIGDRYWER (kode 14)**

Bloemdré Vervoer beskik oor bogenoemde uitdagende pos vir die bestuur van vragmotors vir aflewering van voere en/of die ophaal van grondstowwe vanuit Heilbron. Suksesvolle kandidate moet bereid wees om ook langafstande te ry wat soms uitslaap mag vereis. Ervaring in die bestuur van koppelwaens en voertenkers sal as aanbeveling dien.
Suksesvolle kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-

** Goeie menseverhoudinge * Vriendelik & beleefd * Betroubaar en lojaal*
** Onder druk kan werk * Verantwoordelik en stiptelik * Konsensieus en Pligsgetrou*
** Versigtig, nougeset, deeglik en akkuraat*

VEREISTES: **** 3 Jaar ondervinding*** ** Goeie kommunikasievaardighede*
** Meganiese agtergrond*
** Kode EC bestuurderslisensie met geldige openbare bestuurspermit*
** Ten volle tweetalig * Matriek (Graad 12)*

Handig CV in by die kantoor van Mev. Linette Mynhardt,
Epos: linette@bloemdre.co.za
Bloemdré Vervoer te Eerwaarde Kokstraat nr. 23, Heilbron.
Navrae: 058 8522742 X 501
**Sluitingsdatum: 3 Maart 2023**

---o0o---

**VACANCY**

**HEAVY DUTY VEHICLE DRIVER (code 14)**

Bloemdré Transport has got the above-mentioned challenging position for a heavy duty vehicle driver, doing animal feed deliveries to customers and/or the procurement of raw materials, operational from Heilbron. Successful candidates must be prepared to do long distance travel with sleep out from time to time. Experience in interlink and animal feed tanker driving will serve as an advantage.
Successful candidates must have the following characteristics:-

** Good Human Relationships * Friendly & Polite * Reliable and loyal*
** Working under pressure * Responsible and punctual * Conscientious and diligent*
** Careful, meticulous, thorough and accurate*

REQUIREMENTS: **** 3 Year Experience*** ** Good communication skills*
** Mechanical background*
** Code EC driver's license with valid public driving permit*
** Fully bilingual * Matric (Grade 12)*

Hand in your CV at the office of Mrs. Linette Mynhardt
Email: linette@bloemdre.co.za
Bloemdré Transport, Nr. 23 Eerwaarde Kok Street, Heilbron.
Enquiries: 058 8522742 X 501
**Closing Date: 3 March 2023**

Posbus 294 • Eerwaarde Kockstraat 23 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 2742X117 • Faks: 086 659 8304
Selnr. 071 885 4316 • E-pos: bloemdre@heilbron.co.za
Mpy Reg nr. 2006/01177/07 • BTW nr. 4380228769




HERALD Sport

# Rolbal sport vir almal

Die afgelope naweek het weer bewys rolbal is 'n sport vir almal toe nege spelers van Heilbron braaf genoeg was om die "dongapad" aan te durf Kroonstad toe vir deelname aan Valsrivier se gemengde pare kompetisie.

Een van die spelers was RJ Muller, 'n jongman wat as goeie golfspeler ook die groter balle begin rol het. Met slegs een vorige rolbalwedstryd agter die rug het hy as Skipper (Kaptein), saam met Petro Habig aan hierdie kompetisie deelgeneem en na goeie rolbal het hulle met slegs twee punte teen twee ervare rolbalspelers verloor.

Al die spanne wat deelgeneem het, het deurentyd uitstekende rolbal gespeel, bykans al die wedstryde het geëindig met baie klein punte verskille.

JC en Dolly Pretorius wen altwee wedstryde, maar mis die uitspeel op "shot aggregate".

Ellie van Coller en Hannes van Eeden verloor met slegs een punt. Edward en Sonja Muller moes êrens 'n haas uit die hoed haal, want vroeg in die wedstryd is hulle 11/1 agter op die 7de kop. Met slegs 15 koppe wat gespeel word, is hierdie 'n stresvolle telling, maar met goeie motivering en ondersteuning aan mekaar wen hulle hierdie wedstryd om dan deur te dring na Noord Vrystaat se uitspeelkompetisie komende naweek.

Heilbron se groot kanonne, Rudi en Tracy Jacobs, sal as wenners van die naweek, ook komende naweek aan die uitspeelkompetisie deel neem.

Kroonstad Rolbalklub spog ook met hulle spelers, nl. Dewet Steenkamp en Linda van Caspel, Derrick en Alta de Gouveia, asook Hannes Horn, President van Valsrivier Sub Distrik, saam met sy vrou Sanieta, wat ook deurgedring het na die uitspeelwedstryde.

Hannes vanuit sy rolstoel, en RJ Muller as jongman, is net weereens 'n bewys dat rolbal 'n sport vir almal is, ongeag jou ouderdom of jou fisiese tekortkominge.

Die een uitspeelwedstryd komende Saterdag, is die wedstryd van alle wedstryde, wanneer Rudi en Tracy Jacobs kragte meet teen Edward en Sonja Muller.

Hou hierdie spasie dop!!

# Gholfskoene vs dansskoene

Met die baie reën wat die laaste week geval het, het die gholfers hul gholfskoene verruil vir dansskoene. Die klub het gesorg vir 'n lekker opskop Vrydagaand. Die bestuurder van die gholfklub, Carol Germishuizen het saam met die sosiale komitee, 'n heerlike Valentynsdans aangebied. Die aand was 'n reuse sukses, waar almal lekker tot die oggendure gekuier het.



*Op die foto Delareyz en Adriaan Smit.*

Vars Groente Weekliks
Uie
Geskil R20/kg
Aartappels
Heel R15/kg
Beet
Heel 12/kg
Tamaties
Heel R25/kg
Wortels
Heel R12/kg
Bez Combo R100
500g Verwerkte Botterskorsie
500g Hubbard Squash
1kg Aartappels
1kg Tamaties
1kg Wortels
1kg Beet
1kg Uie
Botterskorsie
Heel R10/kg
500g verwerk R15
Skorsies
R15 vir 4
Hubbard Squash
500g verwerk R15
Komkommers
Heel R12 elk
Bez Combo
R100 Per Pak
Heilbron Aflewering R20
Bezuidenhoutaj1@gmail.com | 060 687 7477

CHALK MARKERS
nou beskikbaar
Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

OJ's MEAT MARKET
HEEL VARK R49.50/kg
BOUD & BLADTJOPS R59.50/kg
RUG & LOINCHOPS R69.50/kg
Dries Cilliers
082 781 6163
lcilliers1997@gmail.com

Dr Nthabiseng Matla
PR 0955566
068 596 2426 | 067 931 3542
DR. NTHABISENG MATLA
HEALTH & WELLNESS CENTRE
Services Provided:
> Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
> Antenatal and Post natal Care
> Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
> Immunizations and baby wellness services
> Men's health : circumcisions and Prostate screening
> Medical Reports and PDPs
> IV Vitamin Therapy
> Mental health and Counseling services
> Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
> Contact and online sessions for all services
> We also do House calls on request
SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US
Dr. Matla dr_matlan

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 27 FEBRUARIE 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 28 FEBRUARIE 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
ERMELO: Aanteelveiling
615 Beeste
11:00, veilingskrale
Kontak Hannes Hugo 082 823 7631
REITZ: Strydom Broers
SAVM skape
11:00, Roscoe Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WOENSDAG - 1 MAART 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
DONDERDAG - 2 MAART 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
STANDERTON Maandelikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
VRYDAG - 3 MAART 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Mamus Becker 082 873 2002
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FRANKFORT: IZAK NEL & SEUNS
HARTEBEESFONTEIN MERINOS
40 Horing en poenskop ramme
11:00, VKB veilingskrale
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
SATERDAG - 4 MAART 2023
RAYTON: 15de OVERVAAL DEXTER KLUBVEILING 2023
11:00, Willem Prinsloo Landbou Museum
R104 (ou Pretoria pad), distrik Rayton
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06

EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
50% afslag op alle kos items!
Slegs geldig op Donderdae gedurende Maart 2023 | Alle drankies uitgesluit